OPSOMMINGS SUMMARIES

NATUURWETENSKAP KWARTAAL 1 GRAAD 5

## PLANTE EN DIERE OP AARDE

- Daar is baie verskillende plante en diere wat in verskillende habitats op aarde woon.
- ’n Habitat is die natuurlike woonplek van ’n plant of dier.
- ’n Habitat in die water word ’n waterhabitat genoem en ’n habitat op die land word ’n landhabitat genoem.
- Plante en diere maak op mekaar staat vir kos en beskutting.
- Ons sê dat daar interafhanklikheid tussen plante, diere en hulle habitats is.

## BAIE VERSKILLENDE SOORTE PLANTE EN DIERE

- Plante en diere en hulle habitats, vorm die totale biodiversiteit op aarde.
- ’n Habitat is die natuurlike woonplek van ’n plant of dier.
- Plante en diere besit spesiale eienskappe om in ’n spesifieke habitat te oorleef.
- Suid-Afrika het ’n wye verskeidenheid van inheemse plante en diere.
- Inheemse plante en diere is organismes wat nog altyd in ’n spesifieke gebied voorgekom het.
- Inheemse organismes kan in verskillende habitats voorkom.

## PLANTE GROEI IN VERSKILLENDE HABITATS



- Die waterlelie lewe in water.
- Dit het groot, plat blare.
- Die blare dryf op die water.

- Die aalwyn leef in droë gebiede.
- Die dik en vleesagtige blare gaar water op.





- Rooibosplante groei in droë, sanderige grond.
- Die blare van die plant is dun en klein en daarom vind minder waterverlies plaas.

## DIERE LEEF IN VERSKILLENDE HABITATS

- Verskillende organismes leef in spesifieke gebiede wat ons hulle habitats noem.
- Die organismes kry kos, water en lug in hulle habitats.
- Die habitat voorsien ook skuiling aan die organisme sodat hulle beskerm word teen roofdiere.

SAMPLE

## METALE EN NIE-METALE: EIENSKAPPE VAN METALE

- Sekere eienskappe van metale, soos: hardheid, glans, sterkte, smeerbaarheid, buigbaarheid en smelting.
- Metale kan oral om ons gevind word.
- Motors word van 'n metaal wat yster genoem word gemaak.
- Vliegtuie word van 'n metaal wat aluminium genoem word, gemaak.
- Elektrisiteit word in drade wat van kopermetaal gemaak is gelei.
- Geldmunte word van metale soos koper, sink, nikkel of silwer gemaak.

## EIENSKAPPE VAN METALE

**Metale word deur hul eienskappe beskryf:**

- Is hard
- Is blink wanneer dit gepoleer word
- Is smeerbaar
- Is rekbaar
- Is sterk
- Smelt teen hoë temperature.
- Hulle gelei elektrisiteit.
- Is solied teen kamertemperatuur.

### HARDHEID

- Metale is hard.
- Hardheid is die vermoë om krapmerke of breking te weerstaan.
- Metale wat hard is, buig of duik nie maklik nie soos die wat gebruik word vir treinspore.



Sommige metale is hard en kan gebruik word om treinspore mee te maak.

### GLANS

- Metale is blink wanneer dit gepoleer word.
- Wanneer iets blink is, weerkaats dit lig.
- Ander metale soos koper, verloor hulle blinkheid of hulle kan roes.
- Munte, juwele en ander metaalvoorwerpe kan met tyd dof word.

SAMPLE

# GEBERGDE ENERGIE IN BRANDSTOWWE

## BRANDSTOWWE

## ENERGIE WORD IN BRANDSTOF GEBERG

- Ons gebruik elke dag energie.
- Ons liggame gebruik energie om te loop, hardloop en speel.
- Waar kom daardie energie vandaan?
- Ons liggame kry energie van die kos wat ons eet.
- Ons kook ons kos, gebruik lig om in die aand te sien, maak water warm om mee te was en ons ry van een plek na 'n ander.
- Al dié aktiwiteite het energie nodig.
- Waar kry ons hierdie energie vandaan?
- Hierdie energie kan van brandstof kom.
- Energie is iets wat geëet of verbrand kan word om hitte-, lig- of bewegingsenergie mee te maak.
- Die energie word in die brandstof geberg.
- Plante gebruik energie van die son om hulle eie kos mee te maak.
- [lante berg die energie in hulle wortels, blare, stamme en vrugte.
- Totdat 'n vrug geëet is, bly die energie geberg in die vrug.
- Gebergde energie van vrugte word soms brandstof vir die liggaam genoem.
- Daar is baie ander brandstowwe wat energie berg.





***Die hout lyk nie asof dit enige energie het nie, maar wanneer ons dit brand word die gebergde energie vrygestel as hitte en lig.***


## ONS GEBRUIK BRANDSTOF AS BRONNE VAN NUTTIGE ENERGIE

- Steenkool, natuurlike gas en paraffien is ook brandstof.
- Dit is nuttige bronne van energie wat ons elke dag gebruik.
- Ons gebruik die gebergde energie in hierdie brandstowwe vir baie verskillende dinge.
- Kerswas is ook 'n brandstof.
- Kerse is oorspronklik van byewas of verskeie plantwasse gemaak, maar word nou meer algemeen van paraffienwas gemaak.
- Motors en taxi's kry hulle energie van petrol af.

# PLANEET AARDE EN DIE RUIMTE EN STELSELS EN BEHEER

## PLANEET AARDE

### DIE AARDE BEWEEG OM DIE SON




- Die Aarde beweeg om die Son in 'n wentelbaan.
- As 'n voorwerp in die ruimte om 'n ander voorwerp beweeg, word die volledige beweging omwenteling genoem.
- Die een voorwerp wentel om die ander een.
- Die beweging van die Aarde om die Son word 'n omwenteling genoem.
- Die Aarde beweeg in sy wentelbaan om die Son.
- Die Aarde beweeg antikloksgewys om die Son.
- Kloksgewys is dieselfde rigting wat die wysers van 'n horlosie om die gesig van die horlosie beweeg.




### DIE AARDE NEEM ONGEVEER 365 DAE OM EEN MAAL OM DIE SON TE BEWEEG




- Die Aarde beweeg baie vinnig op sy wentelbaan, teen ongeveer 108 000 kilometer per uur, of 30 km per sekonde.
- Dit neem die Aarde omtrent 365 dae om een maal om die Son te wentel.
- Dit is hoeveel dae daar in een jaar is.
- Die Aarde wentel dus een maal per jaar om die Son.
- Op verskillende tye van die jaar is die Aarde op verskillende plekke op sy wentelbaan.

***Op verskillende tye van die jaar is die Aarde op verskillende plekke op sy wentelbaan***

SAMPLE